# #AnkerdorpPadskou:

## AfriForum-teenboelieveldtogspan besoek Laerskool Rustenburg en Laerskool Vastrap

**Rustenburg** – Die burgerregte-organisasie AfriForum se teenboelieveldtogspan het op 4 Maart by Laerskool Rustenburg en Laerskool Vastrap in Rustenburg besoek afgelê as deel van AfriForum se #AnkerdorpPadskou.

Die teenboelieveldtog fokus op bewusmaking van afknouery in skole en sluit inligtingsessies met leerders in. AfriForum werk graag saam met rolspelers om 'n verskil te maak en afknouery in skole hok te slaan. Elke leerder wat die teenboeliepraatjie bywoon, word toegerus met die kennis om afknouery te ontmoedig.

"Dit is vir ons belangrik dat leerders die verskil tussen konflik en afknouery verstaan en ingelig is oor wat hulle moet doen as hulle hulself in 'n afknouvoorval bevind. Elke leerder het 'n Matteus-plakker ontvang wat #StaanOpTeenBoelies en #SkepSaamHoop aandui. Ons wil hê dat ons land se skole vry, veilig en voorspoedig moet wees," sê Leandie Bräsler, AfriForum se koördineerder vir leierskapsontwikkeling.

"By Laerskool Rustenburg koester ons elke leerder en duld ons nie boelies nie. Ons afknoubewusmaking strek van 'n teenboelieposbus waar leerders hul harte kan uitstort tot teenboeliekrete, -slagspreuke en -bewusmakingsveldtogte, waarvan die AfriForum-besoek beslis een van die hoogtepunte was," sê René Schoombee, bemarker by Laerskool Rustenburg.


"Dit is belangrik dat ons ons waardes en missie by Laerskool Vastrap uitleef, veral om afknougedrag te voorkom. Ons moedig ook graag ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid by die skool aan sodat almal mede-eienaarskap kan neem. Ons wil 'n leervriendelike en kreatiewe omgewing en atmosfeer skep, waar elkeen gelukkig en veilig kan voel," sê Dan Whitehorn, visehoof van spesiale dienste by Laerskool Vastrap.

Stuur 'n e-pos na leandie.brasler@afriforum.co.za as jou kind se skool by hierdie veldtog en leierskapsontwikkeling betrokke wil raak.


AfriForum se teenboelieveldtog-span saam met leerders van Laerskool Vastrap.


Van links: Wian Bester (hoofseun van Laerskool Rustenburg), Matteus, Leandie Bräsler en Denicke Pretorius (hoofdogter van Laerskool Rustenburg).

# Miss Platinum entries open



**Rustenburg** – Entries for the popular annual beauty pageant, Miss Platinum City, will close on Wednesday 24 April. Mami Motsi, one of the organisers of the pageant, advised to register early.

"The auditions and selection process will take place on 27 April and the crowning ceremony will be held on 5 October," said Mami.

The event will be hosted in partnership with Hlompho Modeling Agency, Mosi Projects and Services and Tsebo ke Matla Development Centre (an NPO).

For more information, contact Mami Motsi on 079 332 9280 or email missplatinum@webmail.co.za.




**Rustenburg** – The Wildlife and Environment Society of South Africa (WESSA) and Recycling Oil Saves the Environment (ROSE) foundation is calling on all visual artists from grade six to 11 to submit their art.

Team up with them to promote oil recycling through original, impactful visual art. For the 2019 competition, the top 10 winners will each receive a tablet.

The closing date for the competition is 22 April and winners will be announced during the first week of May.

For more information please visit their website www.wessa.org.za or contact WESSA schools programme project manager Cathy Dzerefos on cathy@wessa.co.za.

# VLU Kashané-aandtak vier hul sewentiende bestaansjaar

**Rustenburg** – Die Vroue Landbou Unie (VLU) Kashané-aandtak het vergader op 12 Februarie.

*Min is mooi* is die tema vir vanjaar se konferensie blomme-inskrywing en Rita Colyn het lede kom wenke gee om 'n treffende rangskikking te maak.

Kashané-aandtak het ook hul 17de bestaansjaar gevier. Stigterslid Theresa Graham is steeds deel van die tak sedert 17 jaar gelede. Voorsitter van VLU Kashané-aandtak Charmaine Olivier het ook toevallig die stigtersvergadering bygewoon 17 jaar gelede.

Hulle nooi almal hartlik uit wat wil aansluit by die dinamiese groep dames om die voorsitter van die Kashané VLU aand-tak Charmain Olivier te kontak op 083 469 5505.


Van links: Melanie van Wyk, Charmaine Olivier, Ansie van Wyk, Marie Williams, Anne Heyneke, Joan Zulawnick en Daleen Roos.


Anne Heyneke bedank Rita Colyn vir die demonstrasie.

# Impala wen weer!



Ondersteuners in elke ouderdom!

**Rustenburg** – Die Newrak Impala eerste rugbyspan het Saterdag 16 Maart in Rustenburg op hul gatvelle deurgeskuur in 'n Gold Cup-kragmeting teen die Swallows.

'n Strafdoel drie minute voor die einde deur Siya Masuku het hulle in staat gestel om Swallows 38-36 te klop. Dit was egter eers moontlik nadat hulle 'n agterstand van 0-21 moes uitwis teen byna 'n provinsiale span.

Dit is makliker gemaak dat die besoekers teen die einde met 13 manne gespeel het na 'n rooi- en geel kaart.

Justin Wheeler was wéér een van sy span se uitblinkers. Justin, die agtsteman Leon du Plessis en Chaney Willemse die losvoorspelers, het vier van hul vyf drieë gedruk. Slot Henro Huyser het die eerste drie gedruk wat beteken dat al vyf deur voorspelers gedruk is! Siyabonga Masuku het al vyf drieë verdoel en met die wenstrafskop geslaag.

Die volgende wedstryd is 'n weg-wedstryd teen Springs wat plaasvind op 23 Maart. Indien Impala dié wedstryd wen, is hul verseker van 'n tuis kwart-eindstryd.

# Caitlin takes first place

**Rustenburg** – Well done to Caitlin Thompson of Rustenburg Cycling Club (RCC) who cycled her way to a first place in the youth female category on 16 March during the GNC XCO League #2 that took place at Thaba Trails in Johannesburg.


From left: Kathleen Baker, Caitlin Thompson and Lauriesian Brett.

# Bergsig het gaan toer


Bergsig Akademie se o/16, eerstespan netbalmeisies, personeel en afrigters wat die toer meegemaak het.

**Rustenburg** – Bergsig Akademie se o/14 en o/15 netbalspanne het 'n netbaltoer by Sun City bygewoon van 16 tot 18 Maart. Die o/16 en eerstespan het die toer van 18 tot 20 Maart meegemaak.

Die opvoedkundig geleentheid was pret vir die spelers, en het hulle hul balvaardighede en spanwerk opgeskerp.